DIE BERGKLUB VAN SUID-AFRIKA

AFDELING STELLENBOSCH
POSBUS 152, STELLENBOSCH, 7599
bksa-stb@bigfoot.com

OMSENDBRIEF NOMMER 227 **Julie tot November 2000**

> "How much of the appeal of mountaineering lies in its simplification of interpersonal relationships, its reduction of friendship to smooth interaction, its substitution of an Other (the mountain, the challenge) for the relationship itself? Behind a mystique of adventure, toughness, footloose vagabondage– all much needed antidotes to our culture's built-in convenience – may lie a kind of adolescent refusal to take seriously aging, the frailty of others, interpersonal responsibility, weakness of all kinds, the slow and unspectacular course of life itself." (David Roberts)

• Jaarvergadering en Bestuursverkiesing: Vrydag 3 November 2000 om 19:00

Kom kuier saam met mede klublede. Sop en brood word voorsien. (Ander verversings is ook welkom - bring waarvoor jy lus is !).
Wanneer: Vrydag 3 November 2000 om 19:00 (Jaarvergadering begin 20:00)
Waar: Dorpsbiblioteeksaal (boonste vloer), Pleinstraat, Stellenbosch.

• Adreslys en E-pos

Die adreslys is nou op datum met die veranderinge wat saam met die ledegeldvorms vanaf lede ontvang is. Dankie Peter-Jan vir die invoer van die data. Indien u van posadres of e-posadres verander, laat weet asseblief die lede-sekretaris so gou as moontlik.

'n E-pos adreslys is ook in bedryf gestel. Hierdie lys is ook gekoppel aan die nasionale BKSA e-pos-nuus en lede behoort reeds op 'n gereelde grondslag inligting elektronies te ontvang. (As u nie hierdie program ook per e-pos ontvang het nie, is u naam nie op die e-pos adreslys nie.)

• Voorstelle vir Uitstappies en Leiers

Die Bestuur wil graag met die opstel van die klimprogram voorsien in die behoeftes van al die lede van die Klub en is op soek na persone om uitstappies van verskillende graad (A tot G3) te lei. Ons sal graag meer voorstelle wil ontvang. Kontak asseblief vir Gerhard van Wyngaardt indien u beskikbaar is om te lei of as u 'n spesifieke uitstappie op die klimprogram wil sien.

Wou jy nog altyd graag daai ou roete gaan klim wat jy iewers van gelees het of oupa grootjie altyd van gepraat het? Stuur dan sulke voorstelle na die bestuurslid vir klimprogram. Daar sal gepoog word om op elke klimprogram een so 'n soektog uitstappie aan te bied. (Sien 25 November op die huidige program). Kommentaar oor hierdie inisiatief is veral welkom.

• Nuusbrief

Daar word gepoog om die Nuusbrief so interessant moontlik te maak. Lede is welkom om inligting/bydraes vir publikasie aan te stuur (ledenuus, inligting oor vertonings / praatjies, strokiesprente, enige iets !). Kommentaar/voorstelle rakende die nuusbrief is welkom.

• Toegang

- Die Kaapse Natuurbewaring besprekingskantoor vir die Suidwes streek (Kogelberg, Hottentots-Holland, Limietberg en Jonkershoek natuurreservate o.a.) het geskuif na:
  Voortrekkerweg 16, Tygerberg Sentrum, Bellville (Oorkant die biblioteek)
  Privaat Sak X7, Bellville, 7535
  Tel: 021 - 945 4701, Fax: 021 - 945 3456, E-mail: *swinfo@cncjnk.wcape.gov.za*
- Verskeie aktiwiteite (stap, 4x4, oornaghutte ens.) word nou *teen koste* (stap R20 per persoon per dag) aangebied op die plaas Erfdeel aan die voet van Matroosberg (Ceres kant). Vir nadere besonderhede kontak Matroosberg Reservaat, Posbus 269, Ceres 6835, Tel 023 – 3122282, Fax 023 – 3123759, *erfdeel@mweb.co.za* of www.lando.co.za/ceres4x4

• Places to go and things to do

- **BANFF FILM FESTIVAL** - The Cape Town Section will be hosting the Banff Film Festival on 4, 5 & 6 October 2000 at the Baxter Theatre. The cost is R30. Ticketing through Computicket opens at 9h00 on 17 July 2000 for MCSA members and on 24 July 2000 for the general public. *Book early to avoid disappointment*. Credit Card bookings: Telephone: 021-918-8950.
- MCSA ANNUAL DINNER 2000 - Bookings are now open.
  Date: 28th October (*note date change from previous announcement*)
  Place: The Vineyard Hotel, Claremont, Cape Town
  Cost: R100 p.p. ; Speaker: Greg Child.
  Members wishing to book can contact Sonia Beard at: *sonia@resnekov-nielsen.co.za* or tel: 021 425 3205 (w) or the Cape Town office 021-465 3412 (10 am to 2 pm).
- Doug Ward (doug@feas.co.za) is getting together interested climbers to attend a Paneuropean Climbers' Meeting on Kalymnos, Greece from 2 – 8 October 2000. The Meet is organised by EOS Acharnes and the Municipality of Kalymnos with the support of the Greek mountaineering & Rock climbing Federation. Kalymnos, the sponge fishers' island, is the epicentre of rock-climbing among the Greek islands, and is rapidly developing to become one of Europe's most important climbing fields.
- The MCSA – Eastern Province Section invites members from other sections to join in the Baviaanskloof camp to celebrate the “true” millennium and the golden jubilee of the first outing of the EP Section. The rugged terrain and spectacular kloofs in the Baviaanskloof Wilderness Area, some 50 km from Patensie area, will make for wilderness experiences not to be forgotten. Plans include: Day walks, One night kloofing trips and Two to three night’s wilderness walks of varying degrees of difficulty. It is a self-catering camp except for a celebratory braai. Costs (to cover Nature Conservation fees and other expenses) will be R100 pp. Dates: Tuesday 26 December 2000 to Tuesday 2 January 2001. Closing Date for applications: 2 September 2000. Details and can be found on: http://mcsa.org.za/minieas.html, or contact the Convenor: Rudi Goossens: 041-367 3724 (H), 041–505 6159 (W), 041–451 1471 (fax), *rgoossens@aberdare.co.za*

• Bergklim op die Net

- Die nuutste Bergklubnuus asook klimprogramme van ander afdelings is beskikbaar by: http://mcsa.org.za (hopelik is Stellenbosch Afdeling ook binnekort daar– iemand lus vir bietjie HTML skryf ?)
- Besoek gerus http://www.mountainzone.com vir interesante nuus van ekspediesies wêreldwyd. Daar is ook pragtige foto's beskikbaar.
- WOMEN'S 2000 Mt KENYA EXPEDITION : Some photos, now with the story on http://mcsa.org.za/kenya00.html
- SA MOUNTAIN is a technical discussion list about Southern African Mountaineering, Walking, Backpacking and Climbing. It was created as a forum for open discussion for those with an interest in Southern African mountaineering and related aspects. It is NOT a one-way news broadcaster, but rather a discussion list. To subscribe to the list, send a message to: *samountain-talk-subscribe@mountain.org.za*. You have to subscribe before you can post to the list. To subscribe to the digest (fewer messages) send a message to: *samountain-talk-digest-subscribe@mountain.org.za*. For info: *samountain-talk-info@mountain.org.za*. This is not an MCSA list but, because of its interest to many MCSA members, information about it can be found on http://mcsa.org.za/sa-mount.html. The List Owner is Rob Thomas.
- SACIN - SA Climbing Info Network: This is a website that offers the latest in news on climbing in SA. It also includes an online route guide which now has over 1550 routes. Subscribe to a newsletter to be kept up to date on the latest routes, news, events etc. in the South African climbing scene. You can subscribe by sending a BLANK email to: *sacin-subscribe@topica.com* or visit http://www.saclimb.co.za/sacininf.html

• SAL Voyager en die BKSA

Lede word weereens heriner aan die ooreenkoms met SAL. Die BKSA kan Voyagermyle verdien saam met lede of hul werkgewers. Stuur asseblief u Voyagernommer aan Fran Hunziker *highlife@iafrica.com*. BKSA lede kan ook afslag kry op SAL vlugte, selfs al het u nie 'n Voyagernommer nie. Meer besonderhede is beskikbaar by Fran Hunziker.

• BKSA Kalender 2001

Die tema vir die kalender is weereens "Berge van Afrika". Kontak vir Neil Griffin by 011 - 614 3755 of *grafost@icon.co.za* indien u foto's het wat geskik sal wees.

• Nuwe Lede en Aansoekers

- Ons heet die volgende nuwe lede hartlik welkom: Maryna Loubser, Johan Loubser, Ivor Norval, Heléttе Norval en Cecile Kotzé.
- Aansoek om lidmaatskap is ontvang van: Elsje Bakkes, Ben Hebst, Clive Scholtz, Trix Radyn, Dawie du Toit, Anna-Maré du Toit en Willem de Bruin.
- Aangesien leiers nie altyd hul uistappieverslae indien nie, is dit moontlik dat die bestuur onbewus is daarvan dat 'n aansoekers reeds 4 uitstappies voltooi het. Aansoekers wat meen dat hulle kwalifiseer vir lidmaatskap, maar wat nog nie ledekaarte ontvang het nie, moet asseblief die lede-sekretaris kontak.
- Veels geluk aan Teuns en Lydia Cilliers met die aankoms van baba Tian – ons glo dat ons binnekort sy aansoek om lidaatskap sal ontvang.

• Brandstofkoste

As gevolg van die onlangse brandstofprysverhoging, moes ons die brandstofkoste vir uitstappies aanpas. Koste word nou bereken teen R 0,25/km per persoon. (R 0,75/km per voertuig en daar word aangeneem dat ‘n betuurder 3 passasiers oplaai).

• Klimprogram: Julie tot November 2000

Let wel : Deelname aan uitstappies geskied op ***eie risiko***.

SATERDAG 22 JULIE 2000: VICTORIAPIEK, JONKERSHOEK

Dalk is daar sneeu! (Onthou kunsmissak vir ski). Onthou ledekaarte vir Jonkershoek se hek.
Leier: Heinz Jacobs (023 342 6484 w / 082 852 7896)
Vertrek: 7h00 vanaf die Ingenieursgebou
Koste: R 10,00

SATERDAG 29 TOT SONDAG 30 JULIE 2000: TRIPLETS EN SOMERSET SNEEUKOP

Slaap bokant Swartboskloof. Tente noodsaaklik. Onthou ledekaarte. Bel leier.
Leier: Teuns Kok (487 2315 w / 883 8946 h)
Vertrek: 13h00 vanaf die Ingenieursgebou *Let wel nuwe vertrek tyd!*
Koste: R 10,00

SUNDAY 6 AUGUST 2000: BOSCHKLOOF, TABLE MOUNTAIN

Come and discover this little known kloof as well as some exploring on Grootkop on the back table. Descending via Corridor Ravine. Some B grade scrambling. Phone leader.
Leader: Dennis Lange (434 2898 h)
Departure: 7h30 from Engineering Faculty. Meet leader at 8h15 at Kloofnek.
Cost: R 30,00

SUNDAY 13 AUGUST 2000: RHODES MEMORIAL TO KIRSTENBOSCH

An easy hike for the whole family. Includes some botanizing in Kirstenbosch.
Leader: Gigi Laidler (797 7755 h / laidler@nbict.nbi.ac.za)
Departure: 7h30 from Engineering Faculty. Meet leader at 8h30 at Rhodes Memorial.
Cost: R 25,00

SATERDAG 19 AUGUSTUS 2000: PEER’S CAVE ROTSKLIM

Kort Sportklim roetes. Iets vir almal. Bring toerusting (as jy het). Beginners ook welkom. Bel leier.
Leier: Dave Weber (852 4623 h)
Vertrek: 7h00 vanaf die Ingenieursgebou
Koste: R 30,00

SATERDAG 26 TOT SONDAG 27 AUGUSTUS 2000: FONTEINTJIESBERG

Slaap by Thomashut. Ons hoop daar’s sneeu om in te speel. Bel leier.
Leier: Teuns Kok (883 8946 h / 487 2315 w)
Vertrek: 12h00 vanaf die Ingenieursgebou
Koste: R 60,00+ R5,00 hutfooie

SATERDAG 2 SEPTEMBER 2000: WESKUS BLOMMESTAP

‘n Makliker uitstappie vir die hele gesin naby Tietiesbaai of Paternoster.
Leier: Christine Steinmann (886 6043 h / 808 3609 w)
Vertrek: 7h00 vanaf die Ingenieursgebou
Koste: R90,00

SONDAG 10 SEPTEMBER 2000: MOWBRAY RIDGE, DUIWELSPIEK

Klouter met effe blootstelling, maar nie 'n lang dag nie. Bel leier indien jy by Rhodes Memorial wil ontmoet.
Leier: David Davidson (887 6577 h / davidson@ing.sun.ac.za)
Vertrek: 8h00 vanaf die Ingenieursgebou of 8h45 vanaf Rhodes Memorial
Koste: R 25,00

SATERDAG 16 SEPTEMBER 2000: "CLEAN MOUNTAIN DAY"

Ons beplan om hakea en denne op die hange van Stellenboschberg uit te roei. Bring sae, handskoene en langmouhemp!
Leier: Dave Weber (852 4623 h)
Vertrek: 7h30 vanaf die Ingenieursgebou
Koste: Geen (die klub sal die bestuurders se petrol x 2 betaal)

SATERDAG 23 TOT MAANDAG 25 SEPTEMBER 2000: BUFFELSHOEK DOME, HEXRIVIER

Stap op met Milnerkloof en slaap op Agter-Milnervlakte. Rowwe terrein, fiksheid vereis. Bel leier.
Leier: Hans Scheffler (883 9025 h / 887 9915 w / hscheff@bigfoot.com)
Vertrek: 6h30 vanaf die Ingenieursgebou
Koste: R 90,00

SATERDAG 30 SEPTEMBER 2000: KLIPSPRINGER, JONKERSHOEK

Lekker klouter, maar nie 'n lang dag nie. Onthou ledekaarte.
Leier: Teuns Kok (883 8946 h / 487 2315 w)
Vertrek: 7h00 vanaf die Ingenieursgebou
Koste: R 10,00

SATERDAG 7 OKTOBER 2000: WOODY BUTTRESS, TAFELBERG

B graad klouter op plekke, maar nie 'n lang dag nie.
Leier: Fritz Ensink (854 6911 h)
Vertrek: 7h00 vanaf die Ingenieursgebou of 8h00 vanaf Kloofnek.
Koste: R 30,00

SATERDAG 14 TOT SONDAG 15 OKTOBER 2000: BOTMASKOP NA RIFBERG

Stap vanaf Stellenbosch en slaap op die Pieke. Gaan af met Slab roete. Fiksheid vereis. Bel leier.
Leier: Hans Scheffler (883 9025 h / 887 9915 w / hscheff@bigfoot.com)
Vertrek: 7h00 vanaf die Ingenieursgebou
Koste: R 10,00

SATERDAG 21 OKTOBER 2000: BRANDWAGPIEK

Lang klouter roete. Bel leier.
Leier: Heinz Jacobs (082 852 7896)
Vertrek: 6h30 vanaf die Ingenieursgebou. Ontmoet leier 7h30 by Worcester Ultra C ity
Koste: R 50,00

SATERDAG 28 OKTOBER 2000: HAELKOP, JONKERSHOEK

Die luglyn-roete uit Swartboskloof. Bietjie klouterwerk. Onthou ledekaarte.
Leier: Gerhard van Wyngaardt (794 2812 h / 425 2870 w)
Vertrek: 7h00 vanaf die Ingenieursgebou
Koste: R 10,00

VRYDAG 3 NOVEMBER 2000: JAARVERGADERING

Kom geniet sop & brood voor die Algemene Jaarvergadering en Bestuursverkiesing.
Tyd & Plek: 19h00 in die Dorpsbiblioteeksaal – boonste vloer (Pleinstraat)
Navrae: Peter-Jan Randewijk (883 8592 h / 868 2210 w) of Teuns Kok (883 8946 h / 487 2315 w)

SATERDAG 4 TOT SONDAG 5 NOVEMBER 2000: NUWEBERG NAWEEKSTAP

Op oor Dwarsberg en slaap op Dwarsbergplato. Dalk klim ons Victoriapiek en Emerald Dome. Terug via Boegoekloof. Fiksheid vereis. Bel leier.
Leier: Teuns Kok (883 8946 h / 487 2315 w)
Vertrek: 7h00 vanaf die Ingenieursgebou
Koste: R 40,00

SATERDAG 11 TOT SONDAG 12 NOVEMBER 2000: GESAAMENTLIKE KLIM WESKAAP AFDELINGS

Hottentots-Holland afdeling is hierdie keer die gashere. Stap Saterdag in na Johnsonhut vir kuier en braai. Verskeie uitstappies is Sondag moontlik, bv Landroskopnaald of Sneeukopkloof en poele. Uitstappies sal gereël word na gelang van behoefte en beskikbare leiers. Bel asseblief Stellenbosch konvenor sodat ons getalle aan Hottentots-Holland afdeling kan verskaf.
Organiseerders: Ulli Deutschlander (887 5393 h / 808 3365 w) en Ron du Toit (852 3867)
Stellenbosch konvenor: Hans Scheffler (883 9025 h / 887 9915 w / hscheff@bigfoot.com)
Vertrek: 14h15 vanaf die Ingenieursgebou of ontmoet 15h00 by Vergelegen hek.
Koste: R 20,00 + R 5,00 hutfooie

SATERDAG 18 NOVEMBER 2000: KASTEELSBERG, RIEBEECK-WES

Makliker uitstappie. Pragtige uitsigte vanaf Kasteelsberg (as die weer dit toelaat). Bel leier.
Leier: Sona Buys (887 2647 h)
Vertrek: 7h00 vanaf die Ingenieursgebou
Koste: R 45,00

SATERDAG 25 NOVEMBER 2000 : OU JOERNAAL KLIM

Ons beplan om die roete op die Boesmanskasteel bokant Franschhoek te gaan soek. Klimmers moet tevrede wees om nie noodwendig bo te kom nie.
Leier: Peter-Jan Randewijk (883 8592 h / pjrandew@mweb.co.za)
Vertrek: 7h00 vanaf die Ingenieursgebou
Koste: R 25,00

• Uitstappieverslae

Leiers word vriendelik versoek om so gou as moontlik na die afloop van hul uitstappie die uitstappieverslagvorm te voltooi en terug te stuur aan Posbus 152, Stellenbosch,7599 of verkieslik per e-pos aan *bksa-stb@bigfoot.com*. Al het die uitstappie nie plaasgevind nie, moet ‘n verslagvorm steeds ingedien word.

18 / 19 Maart 2000: Rotsklim, Montague

Geen verslag is ontvang nie. Leier: John Bauermeister

25 Maart 2000: Katedraal Met Bergriviernek

Van die begin af was dit duidelik dat die uitstappie gedoem was. Die Pieke, Rifberg en Haelkop was helder, maar die hele Katedraal en die Dwarsbergplato was in 'n digte mis wolk gehul. Ons het maar gehoop vir 'n wonderwerk. Dit het ongelukkig nie gebeur nie, en op Bergrivier nek het die helfte van die BTK'ners hulle boeke hard hoor roep en besluit om om te draai. Al wat ek hoor roep het is my gras wat 'n sny kort. Desperaat vir so 'n bietjie oefening en avontuur het die res van ons oorgegaan na plan B en aangedruk tot by die Kurktrekker voor ons almal maar besluit het genoeg is genoeg. Sopnat (behalwe vir die van ons met 'n GorTEX baadjie) en yskoud a.g.v. 'n stormsterk wind, is ons almal die Kurktrekker af op soek na so 'n biejie warmte. Marguerite het gelukkig gesorg, ten spyte van die weer, vir 'n vuur warm moraal. Halfpad af is ons gelukkig begroet deur 'n heerlike warm sonnetjie. 'n Lekker koppie koffie in die hand terwyl ons almal heerlik in die sonnetjie in my aftertuin (op my lang gras) lê en ontdooi het, was die gepaste manier om die dag mee aftesluit voordat ons almal koers gekies het.

Leier: Peter-Jan Randewijk

1 April 2000: Jonkershoek Marathon

Die nuusbriefredaksie vra om verskoning vir die foutjie wat ingesluip het. Ons hoop nie le de het 4h00 te vergeefs gewag nie. Lydia was blykbaar nie hierdie keer beskikbaar vir die Marathon nie. Dalk bied die Cilliers dit binnekort as gesinsuitstappie aan. Wys jou net dat jy nie alles kan glo wat op 1 April plaasvind nie…

1 April 2000: Eastern Buttress, Duiwelspiek

After a week of 75 km/h winds we were treated to a calm, 35ºC day. We were a group of 9 including a couple from Germany. Some did not know what to expect, and arrived in a Landrover. The gardener had not been for weeks, so not only was he terrain rough and loose but it was overgrown. Choice expletives were uttered as we squeezed through the scratchy climber's friend bushes. Fritz is amazing: long after we had run out of water he still had a litre left and donated half to 4 waterless hikers across whom we came. Everyone said it was the most amazing route they had ever climbed – at least that is what I think they said; the problem with being in the front is that everyone talks behind your back!

Leader: Dennis Lange

7 / 9 April 2000: Milnerkloof Op - Tweeling Af, Hexrivier

Geen verslag is ontvang nie. Leier: Retief Jordaan

16 April 2000: Rim Of The City Bowl

Ons vertrek kort na 7h00 vanaf die einde van Tafelbergweg op 'n pragtige sonskyndag. Gou staan ons op Duiwelspiek en teen Ledges uit k ry ons goed warm. Ons eet middagete by die "Lilly pond" waar ons water aanvul voordat ons Kloof Corner af gaan. Die lang ketting is effens lasting, maar ons bereik Kloofnek sonder veel probleme. Na 'n vinnige klouter teen die kam van Leeukop uit, staan ons voor 17h00 op die kruin en kan ons terugkyk oor ons roete langs die "Rim of the City Bowl"!

Leier: Hans Scheffler

21 - 24 April 2000: Paasnaweek In Die Swartberge

Saterdag is Klein Swartberg geklim en Sondag het ons deur Buffelskloof met sy indrukwekkende rotsformasies en gebuigde rotsplate gestap. 'n Aangename naweek op Gehard Roux se plaas.

Leier: Dieter Steinmann

27 April 2000: Donkerkloof, Du Toitskloof

A cold day turned warm for a fine hike. The promised pool at the top of the kloof had vanished…

Leader: Dave Weber

7 Mei 2000: Diagonaal, Tafelberg

We had a beautiful and "rustige" day on the back table. Up via Diagonal, then on to the Mountain Club Hut, lunch in the Forest at the Wynberg caves and back via Kasteels Poort. The Caves were a pleasant surprise to most.

Leader: Delice Thompson

13 Mei 2000: Hugenotekop – Haelhoek Sneeukop

Vroeg Saterdagoggend saam met die wind is ons Miaspoort op tot by die Italianse kruis. Eers bietjie vertoef en tee gedrink. Toe is ons verder deur baie mooi rotsformasies op na Haelhoek Sneeukop waar ons ons verlusig het aan die wêreld en berge rondom ons. Terug na ons motors, maar oppad eers verfris in die poel langs die pad. Heerlike dag.

Leier: Christel Jost

20 / 21 Mei 2000: Duiwelskloof Na Jonkershoek

Die opstap in Duiwel skloof is altyd iets besonders en die indrukwekkende wande laat jou gou vergeet van die wêreld buite die kloof. Toe ons weer sien, staan ons bo op die nek. Oppad na ons kampplek in die Vallei van Vliende Miere, saag ons 'n paar dennebome af. Die wind was n oord, en deur die nag sak 'n goeie bui reën uit. Teen die oggend is die reën verby en deur die mis kry ons darem soms 'n bietjie uitsig. Ons is bo oor Katedraal en af via Slab roete – dit was maar glad in die nattigheid ! Baie dankie aan Dieter wat ons met sy kombi by Duiwelskloof gaan aflaai het.

Leier: Hans Scheffler

27 Mei 2000: Perdekop, Franschhoek

Uitstappie uitgereën. Leier: Maretha Steinmann

3 Junie 2000: Rotsklim, Leeukop

Cancelled due to lack of participants. Four people cancelled at the last min ute.

Leader: Dave Weber

9 / 10 Junie 2000: Du Toitspiek

Geen verslag is ontvang nie. Leier: Retief Jordaan

16 - 18 Junie 2000: Wolfberg Na Tafelberg, Cedarberge

'n Lekker Sederbergnaweek met skeure, boë, ongewone klipformasies, mooi kampplekke, Johan se interessante stories en daardie grootse uitsig vanaf Tafelberg!

Leier: Teuns Kok

24 Junie 2000: Stellenboschberg Vanaf Paradyskloof

Ai, dit laat mens se hart warm klop wanneer so ‘n klomp mense saamkom op ‘n klubuitstappie: ‘n hele 16. ‘n Ysige wind het fei tlik heeldag saamgewaai maar die mooi uitsigte, veral oor Jonkershoek, het ons warm gehou. Die terugstap deur die bos het nog die bonus van heelwat sampioene opgelewer! ‘n Lekker dag.

Leier: Gerhard van Wyngaardt

Tikwerk versorg deur Hans Scheffler
einde van nuusbrief No 227